HAND IN HAND

OP DIE HANDE DRA

WELKOM

Gooi vandag weer die dobbelsteen. Kies iemand om saam met jou die getal op die dobbelsteen met julle twee se hande te vorm. Noem dan een ding van die vorige dag se Hand in Hand ervaring wat die meeste vir jou uitgestaan het.



NO HAND HANDSHAKE

1. Staan 1 meter uitmekaar
2. Strek jou hand uit.
3. Raak aan jou oor.
4. Draai jou hande om mekaar.
5. Maak vuiste en slaan dit op mekaar.
6. Bons jou hande in die lig met plat hande asof jy iets moet dra.

WONDER

Lees Psalm 91
Kyk dan saam na hierdie video.

ONTHOU-VERS

Psalm 91: 2

“U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou.”

GESELS SAAM

- Teken die plek waar jy die heel veiligste voel. Vertel dan vir mekaar daarvan.
- Praat oor hoe God soos hierdie plek is wat jy geteken het.
- Hoe voel dit om iemand te vertrou terwyl jy geblinddoek is?
- Wat lees jy oor vertroue in Psalm 91?

WEGSTUUR

Gebruik verf om 'n effe-kleur geskenksak met julle handafdrukke te versier. Skryf bo aan die sakkie: "God dra ons."
Begin 'n ritueel waarin julle skryf hoe God julle die week gedra het en gooi dit in die sak. Aan die einde van die jaar kan julle al die stories uit die sak haal en lees.

WEES

Kies een persoon om te blinddoek (A) en een wat kan lei (B). Nadat A geblinddoek is, kan B vir A aan die hande lei. Almal kan 'n beurt kry om A te wees.